Die Voortrekkers

Posbus 12015, Queenswood, 0121
Pierneefstraat 901, Villieria, 0186
**Tel** 012 329 6011 / 086 613 9913
**E-pos** hkvoort@iafrica.com
**www.houkoers.co.za**

Maandag 30 Julie 2018

Beste Wilgedraaier

**INSAKE: WILGEDRAAI VOORTREKKERKAMP 2018 – INSKRYWINGS NOU OOP!**

Hiermee word elke Verkenner, Staatmaker, Offisier, Heemraadslid, vriend en ouer hartlik uitgenooi na die 31ste Wilgedraai Voortrekkerkamp!

Soos oudergewoonte word Wilgedraai Voortrekkerkamp aangebied op die goue strande van die Vaaldam en bied elke Wilgedraaier die geleentheid om ’n bietjie te kom ontspan voor die laaste kwartaal van 2018. Wilgedraai is ’n avontuurbelaaide kamp waar almal pret op en langs die koel waters van die Vaaldam het. Tydens Wilgedraai word gespesialiseerde kursusse aangebied soos Varswaterkunde, Roeikunde, Varswaterhengel, Seilkuns, Seilvernuf, Kampmedia, Motorbootkunde, Ruiterkuns en die “ultimate” Selfbehoud. Hierdie kursusse word aangebied deur ’n span jong dinamiese instrukteurs, wat kundiges op hul onderskeie gebiede is. Daar word gefokus op die ontwikkeling van varswatervaardighede maar meer as dit die ontwikkeling van die individu se persoonlike passie.

Óf jy die volgende Bear Grylls is en óf jy net ’n bietjie wil kom ontspan en saam met jou vriende kuier, by Wilgedraai Voortrekkerkamp sal jy vir jouself ’n plekkie vind – waar die son op jou mag skyn en jy jouself mag wees. As jy reeds op Wilgedraai gekamp het en of jy in 2018 vir die eerste keer kom kyk wat regtig op Wilgedraai Voortrekkerkamp aangaan: Baie welkom!

Die inskrywings vir hierdie jaar se Wilgedraai is nou oop en vir al die kamp se besonderhede, besoek gerus ons webblad by http://www.wilgedraai.co.za/kampinligting/.

Sien jou op die kamp!

Wilgedraai groete
Nicol Jacobs
Kampleier

WILGEDRAAI VOORTREKKERKAMP

**Tel** 083 601 4905 / 082 924 9606
**E-pos** navrae@wilgedraai.co.za
**www.wilgedraai.co.za**

**Kampleier** Nicol Jacobs
**Kampsekretaris** Nicoleen Thirion
**Adjunkkampleiers** Jeno Biljon, Susan Moolman, Willem Scholtz